Suidelster Feesuitgawe Sasolburg-Suid

21 Jaar

NED. HERV. KERK
VAN AFRIKA
JULIE 71 - JULIE 92

NEDERDUITSCH HERVORMDE GEMEENTE SASOLBURG-SUID

'n TERUGBLIK

Dit is met dankbaarheid en erkentlikheid aan Ons Skepper dat die gemeente Sasolburg-Suid op **28 Julie 1992** kan terugkyk na verskeie mylpale wat die afgelope 21 jaar bereik is.

Gedurende die 21 jaar was daar 4 voltydse leraars, waarvan Proponent en Mevrou P.M. Venter die eerste leraar was. Hy het sy intreepreek op **23 Junie 1972** gelewer. Hierna het die gemeente nog 3 leraars gehad naamlik Ds. en Mev. H.C. Coetzee wat op **19 Januarie 1975** sy intreepreek gelewer het; Proponent en Mev. G.J.C. Schoeman wat op **22 Januarie 1978** sy intreepreek gehou het en Ds. en Mev. J.C.J. van Rensburg wat op **9 Januarie 1983** bevestig is, en tans steeds die gemeente se leraar is.

Die boodskap wat tydens afstigting vanaf die Sasolburg Gemeente op **28 Julie 1971** was baie treffend:

1 Korinthiërs 12:27: "Julle is die liggaam van Christus, en afsonderlik is elkeen 'n lid daarvan." Die erediens was gelei deur Ds. D. Smith.

Die afstigtingsvergadering is waargeneem deur Ds. D.F. Erasmus. Die eerste kerkraadslede van die pas afgestigde gemeente was; as ouderlinge S.J.F. Rudolph, A.A. Bodenstein, N.J. Steenekamp, H.N.J. Holtshauzen, M.P. Fick, C.F. Harley, B.C. Botha, H.W.J. Willemse, F.J. Steyn en P.J. Visser as diakens P.F. Fourie, J.P. Seiros, M.D. Drotsky, J.C. Viljoen, A.P. Bodenstein, R. Tolmay en G.J.R. van Zyl.

As Skriba is verkies H W J Willemse, as Kassier P J Visser en die Skriba vir Registrasie R. Tolmay.

Aanvanklik het Ds. S.J. vd Westhuisen van Rietspruit as konsulent opgetree. Nadat Ds. P.M. Venter bevestig is, is gesamentlike eredienste om die beurt deur Ds. Venter en Ds. W.J. Slabbert, in die kerkgebou van die Sasolburg Gemeente gehou. Vanaf **Mei 1972** word afsonderlike oggend eredienste, deur die twee gemeentes in dieselfde kerkgebou gehou. Die Sasolburg-Suid gemeente se kategeseklasse word gedurende dié tydperk in die Fakkelskool se klaskamers gehou. Die gemeente se eerste jeugouderling was ouderling M.P. Fick en die Kategese Superintendent, ouderling P.J. Visser. Verskeie mylpale volg nou, naamlik die samestelling van 'n boukommissie, met ouderling J.C. Visser as voorsitter; die goedkeuring van planne vir 'n pastorie in **Oktober 1972**; die konsolidasie van 2 erwe vir die pastorie en die skenking van die kerkgebou se erf aan die

gemeente deur die S.D.B. Die fondse vir die bou van die pastorie geskied uit die bruidskat van die Sasolburg Gemeente, terwyl terselfdertyd verskeie pogings aangewend word om fondse te in vir die bou van die kerkgebou. Gedurende **Desember 1972** word Redelinghuys bouers se tender aanvaar vir die bou van die pastorie. Tydens hierdie tydperk gaan die gemeentelike werksaamhede aktief voort en word die N.H.S.V in **Desember 1972** gestig. Op **21 Maart 1973** verlaat Ds. en Mev. Venter die gemeente.

Tot en met die ontvangs van Ds. H.C. en Mev. Coetzee in **1975**, tree Ds. Slabbert as konsulent op. Gedurende dié tydperk word die pastorie voltooi en is ds. Coetzee en sy gesin dan ook die eerste leraar wat die pastorie betrek. In **Januarie 1975** word aansoek gedoen om die Voorberoepskoolsaal te gebruik vir die hou van eredienste, wat dan ook vanaf **Junie 1977** realiseer. In **Mei 1975** word die oprigting van 'n kerksaal ernstig oorweeg, maar vanweë beperkte fondse word die proses vertraag. Ds. Coetzee en sy gesin gaan in hierdie tydperk deur 'n besonder moeilike tyd vanweë sy terminale siekte, dog hy gaan onverpoosd voort om hom te beywer vir die gemeentelike werksaamhede. Intussen word opdrag aan mnr. de Ridder gegee om planne op te trek wat deur die argitek mnr. Geldenhuys gefinaliseer word. Die Raad van finansies bevestig dat 'n lening nou toegestaan kan word, en tenders vir die kerkgebou word aangevra. Op **18 Julie 1977** is die gemeenteleraar Ds. H.C. Coetzee oorlede en word hy in Sasolburg begrawe. Sy eggenote verhuis hierna, in **Desember 1977** na Pretoria. Na Ds. Coetzee se afsterwe tree Ds. D.J. Claasen op as konsulent. Vanweë beperkte fondse moet die Finansiële komitee weereens die bou van die kerk in heraanskou neem. Na indringende samesprekings met die administrateur van die Nederduitsche Hervormde Kerk, mnr. Herbst, word egter toestemming gegee dat voortgegaan mag word met die bou van die kerk.

Die gemeente was hierna gelukkig nie te lank herderloos nie, en tydens Ds. G.J.C Schoeman en mev. Schoeman se termyn word die kontrak vir die bou van die kerk in **Mei 1978**, toegeken aan mnr. Korthoven. 'n Baie belangrike mylpaal in die geskiedenis van die gemeente vind op **30 September 1978** plaas, met die hoeksteenlegging. Die inwyding van die nuwe kerkgebou vind daarna op **15 Augustus 1979** plaas. In **Augustus 1979** word ouderling M.J. Buitendag aangestel as eerste koster van die gemeente, 'n amp wat hy beklee het tot met sy afsterwe in **Oktober 1988**. As hulp ter afbetaling van die boulening, skenk die Sasolburg Gemeente 'n maandelikse donasie van R200 aan die gemeente. Dit word met dank en waardering ontvang. Deur bemiddeling van ouderling J.C. Marnewick word die kerkklokke plaaslik vervaardig en word dit grotendeels deur die N.H.J.V. gefinansier. Gedurende **Junie 1981** verlaat Ds. en mev. Schoeman die gemeente en neem Dss. H. Botes en P.J. Kruger tydens die afwesigheid van 'n leraar as konsulente waar.
Op **29 Julie 1982** bereik die gemeente 'n volgende mylpaal met hul **10-Jarige Feesvieringe**. Tydens hierdie geleentheid neem Ds. Venter die nagmaaldiens en Ds. Schoeman die dankseggingsdiens waar.

Op **9 Januarie 1983** word die huidige leraar van die gemeente, Ds. en mev. J.C.J. van Rensburg, bevestig. Gedurende hierdie tydperk word 'n ondersoek geloods na die bou van 'n saal en word 'n boorgat op die kerk- en pastoriegronde geboor. In **Oktober 1985** word die Diensgroepe begin en in **1986** word 'n gesinskamer by die pastorie aangebou. In **1990** ontwikkel die gemeenteblad, "Suiderster", onder die redakteurskap van ouderling L P Louw en sy vrou, Linda, tot die trots van die gemeente. Die mylpale van die afgelope 21 jaar, word in **1992** afgesluit, deurdat goedkeuring verleen word vir die bou van 'n saal, namate fondse beskikbaar word.
Soos duidelik blyk uit die voorafgaande was die Vader se hand deurentyd uitgestrek oor die gemeente en was hul dus in staat om tot eer en verheerliking van Sy naam en uit dankbaarheid vir Sy genade, verskeie mylpale te bereik.

Ten slotte 'n paar interessante statistiese gegewens ten opsigte van die gemeentelike werksaamhede die afgelope 21 jaar.

- Die gemeente leraarsamp was vir 4 jaar en 4 maande met tussenposes vakant.

- **316** Persone het op die kerkraad gedien.

- **1** Ouderling het 21 jaar ononderbroke diens, naamlik Ouderling H.W.J. Willemse.

  Ouderlinge B.C. Botha en D. Drotsky het met 'n kort onderbreking ook 21 jaar diens.

- **459** Katkisante het belydenis van geloof afgelê.

- **2** Seuns uit die gemeente het afstudeer as predikante naamlik W.J. Smith en C.J.H. Steenkamp en een voltooi einde 1992 sy studies naamlik J.C. Marnewick.

- **630** Babas en kinders is gedoop.

Mag die boodskap van 1 Kor. 13:13, soos op die kanselboekrol weergegee, naamlik:

> **En nou: Geloof, Hoop en Liefde bly**
> **hierdie drie...**
> **En die grootste hiervan is die Liefde**

steeds die bousteen van die gemeentelike werksaamhede in die toekoms bly.

Ouderling en Skriba H.W.J. Willemse

KERKRAAD

VOORSTE RY VAN LINKS NA REGS

Andries Maree, Tobie Prinsloo, Roelf van Nieuwenhuizen, Lintie Horn, Jan Stiglingh, Dries Viljoen, Ds. Koos van Rensburg, Hennie Willemse, Jannie Visser, Jan Oosthuizen, Hennie Bezuidenhout, Barnie Schlebusch.

TWEEDE RY

André van Tonder, Sollie Senekal, Peet Smith, Chris Nienaber, Daan Drotsky, Pieter Botha, Roelf Rossouw, Basie Botha, Louis Louw, Jan vd Merwe, Jan Steinman, Pieter van Staden, Flip Jacobs, Wimpie Myburgh, Ben Botha, Marais de Waal, Johan Lingenfelder.

DERDE RY

Rina Kotze, Marie Venter, Rosie Nienaber, Rita Drotsky, Nettie Pretorius, Lizette van Tonder, Joey Vijloen, Tokkie Maree, Susan Jacobs, Lizzy Schlebusch, Freda Oosthuizen, Hettie Steinman, Hanna Ferreira, Jorrie Jordaan, Salie Pretorius.

AGTERSTE RY

Paul Kruger, Klasie Nienaber, Seymore Steenekamp, Jan Sutherland, Fourie Stroebel, Tiensie Drotsky, Dirk Strydom, Vlam Bekker, Johan Claasen, Willa Prinsloo, Piet Cloete, Fanie van Rhyn, Tom Ferreira.

Van Tineke Coetzee

Die warmte en toegeneentheid waarmee ons as gesin in Januarie 1975 in die gemeente Sasolburg-Suid ontvang is, sou toekennend wees aan die byna drie jaar wat ons daar kon deurbring.

Daar is soveel herinneringe wat 'n mens in jou hart met jou saamdra - ek kan byvoorbeeld tot vandag toe nie 'n pannekoek eet sonder om te dink aan die emmers vol deeg by die NHSV se pannekoekstalletjie by die Sasolburg Skou nie, en die paniek as die deeg begin opraak!

Maar op 'n ernstiger noot - wat my die helderste voor die gees staan, is die liefde en ondeskraging wat ons op soveel verskillende maniere van soveel verskillende mense ontvang het. Veral ten tye van my man se afsterwe is ons deur die gemeente gedra.

Ons as gesin was bevoorreg om vir 'n tyd deel te kon wees van 'n gemeente soos Sasolburg-Suid.

Wyle Ds Coetzee

Ds. Herklaas Coetzee het vanaf 1975 in ons gemeente gestaan, maar vanweë die ernstige siekte wat hy opgedoen het, het die son vir hom vroeg in sy dag ondergegaan.

Hy was 'n baie beminde persoon onder sy gemeentelede. Hy het ook gedigte geskryf en aan mev. Pelser genoem dat hy graag eendag sy eie digbundel wil laat publiseer.

Hieronder is een van die mooi gedigte wat hy geskryf het, dit is ingestuur deur Mev. B. Smith.

GEDAGTE VAN DIE STERWENDES

Was dié bitter stryd dan skoon verlore
of sal ons in die laaste pyn tóg weet:
êrens het ons reeds gesterwe
met 'n jongerige Man uit Nasaret
om nie muf en onvervuld
in dooie aarde te vergaan
maar onskendbaar, vars uit alle vlees
ver in die Voorjaar op te staan.

- Herklaas Coetzee

Sasolburg-Suid

In Julie 1971 is sy gebore,
So klein, broos, amper verlore.
Die grense gesny, die armes volop.
Gehoop, geglo, gewag vir die sonop.

Vir die groot word het die HEER gesorg.
Ds. Venter daarna doktor en Prof.
Sê ons moet net werk, die geloof se borg.
Ons sou nie ontbreek aan Woord en geldelike stof.

Het almal nie gedink, by ons is Immanuël!
Wat sal sorg vir hierdie kleine kind.
Na haar groei sou omsien, op groot hoogtes stel.
Sou sorg, dat ons saamstaan, aanmekaar sou bind.

Sê die slimmes, vergeet van bou,
Die lewe is swaar, inkomste klein,
Jul sal nie klaar maak, net verbrou.
Die groei van die kleine kind ondermyn.

Skep tog moed sê Ds. Coetzee.
Al is die fonds skraps, die HEER gaan met jul mee.
Almal se saamstaan is mos sterk.
Die GEWER van ALLES, seën ons in ons werk.

Die dogter word groot en is geseën.
Ds. Schoeman, met vreugde lê die steen.
Die belofte het waar geword.
Aan baie genade het niks geskort.

Met baie liefde en groot geduld
Voer Hennie Willemse die lidmate aan.
Kyk vorentoe die ideaal is amper vervul.
Geld, tyd, werk, is nodig vir ons bestaan.

Die laaste spyker is in geslaan.
Die verf klaar, daarmee het ons volstaan.
Die inweiding het toe aangebreek.
Met baie vreugde kan die Ds. preek.

Het ons toe nog die geldelike skuld
Toe kom Ds. Koos van Rensburg wat sy arms bult.
Met hande kragtig aan die ploeg geslaan.
Was dit gou gespeel, die skuld van die baan.

Voor ons staan die HEER se werk,
Aan HOM, die eer vir die pragtige kerk,
Hy het in alles ruim en mildelik voorsien.
Saam kan ons met blydskap die Drie Enige God nou dien.
LIDMAAT

Boodskap van die Leraar

Sedert ek op 9 Januarie 1983 in die gemeente ontvang en bevestig is, het ons al baie vreugdevolle oomblikke belewe. Daar was ook tye dat ons as gesin oor onsself belangrike besluit moes neem. Elke keer het die Heer van die kerk aan ons leiding gegee, en is ons steeds gelukkig in hierdie gemeente.

Daar was dae dat ons gewonder het of ons in die gemeente die mas sal opkom, omdat ons ons eie gebreke het. Baie keer wonder ons of ons die regte besluit op die regte oomblik geneem het, maar ons glo dat God vir ons hier lei en ook 'n doel met ons het. Ons beroep ons nie daarop dat ons volmaak is nie. Dat ons in die 9½ jaar wat verby is moontlik foute gemaak het, maar ons dank die Here dat ons in 'n gemeente kan werk soos Sasolburg-Suid. Baie van die lidmate het baie geduld met ons gehad. Daarvoor is ons dankbaar. Ons as gemeente kan ook nog in die toekoms heerlik saamwerk. Laat ons in die jare wat voorlê die Heer vra om ons hande sterk te maak om diensbaar te wees in Sy koninkryk.

Ds. J.C.J. van Rensburg

KATEGESE

Ek is die afgelope 16 jaar al verbonde aan die Kategeseklasse. Die afgelope 10 jaar is ek Superintendent van Kategese.

In die begin het dit maar swaar gegaan met die Kategese, betreffende die Kategeseboeke en jaarlikse afsluitings. Ons was geldelik van die kerkraad afhanklik.

Deur die jare het ons, ons fondse so opgebou, dat ons huidiglik finansieël glad nie meer van die kerkraad afhanklik is nie.

Ons kan nou geld aan die Bybelgenootskap en Ondersteuningsraad oor betaal. Op 'n geleentheid het ons ook geld aan die kerkraad oor betaal vir die boufonds.

Ons Kategese-afsluitings aan die einde van elke jaar se onkostes word nou deur onsself gedra.

Ons het ook besef dat Kategeseboeke duur is, en 'n huursisteem is ingestel wat goed werk. Sodoende bespaar ons geldelik baie.

"Baie dankie aan al die kinders se ouers vir hul bydraes".

Ons moet natuurlik nie uit die oog verloor dat al hierdie gawes van ons Hemelse Vader afkomstig is nie. **Al die dank en eer kom HOM toe!**

- SUPERINTENDENT VAN DIE KATEGESE -
CHRIS NIENABER

ONS PASTORIEGESIN

Namens wyk 30 wil ons vir Dominee, mevrou en gesin ***Baie Dankie*** sê vir die voorbeeld wat u in die gemeente stel.

Waar daar gewerk word neem u altyd die voortou, ons sien dit raak en ons waardeer dit.

Dit is 'n voorreg om by die Pastorie te gaan kuier, die gasvryheid wat 'n mens daar ervaar is wonderlik. Jy sit net 'n rukkie dan noem mevrou een van die kinders se name en knik met haar kop en nie lank nie of die skinkbord kom om die draai. Ons voel net so jammer dat so min mense daar kuier. Kom ons probeer om hulle meer te besoek. Glo ons, hulle sien ook uit daarna. Hulle gaan drink ook graag Sondagaande na kerk tee so rig maar 'n uitnodiging, hulle is lekker kuiermense.

Dominee en mevrou ons bid vir u en u gesin, vir u prediking, arbeid en leiding in die gemeente Sasolburg-Suid.

VAN U KERKRAAD.

Petrus, Gerhard, Jakobus,
Mev. Santjie van Rensburg, Ds. Koos van Rensburg en Carina

Ons Kerkgebou

Ons het saam met die gemeente afgestig van die ou gemeente. Ons het ook die voorreg gehad om 8 jaar saam te werk voordat ons besluit het om te verhuis na Alberton.

Op daardie stadium het ons skoonseun Johan van der Merwe reeds die kwotasie gekry vir sekere boumateriaal verskaffing aan die gemeente. Die firma het sake gedoen onder die naam Jumko.

Januarie 1979 sluit ons by hulle aan in die besigheid, waar ons dan ook 'n groot deel bygedra het met die verskaffing van die materiaal.

As ons baie dae so na die kerkgebou binne en buite kyk is dit met trots maar ook met dankbaarheid as ons nog onthou hoeveel haakplekke daar was wanneer hulle op 'n spesifieke dag en tyd aflewering wou hê.

Ons was ook maar van Leweransiers afhanklik en min mense wat nie met hulle onderhandel het nie, dra kennis van hoe 'n groot kopseer dit kan wees.

Gelukkig het ons deur die genade van ons Hemelse Vader eindelik al ons verpligtinge nagekom en 'n uitnodiging ontvang na die inwyding van die kerkgebou.

Vandag is dit weer 'n seën en 'n voorreg om weer in die gemeente Sasolburg-Suid te kan saamwerk.

Ons bid dat die Vader ons moet spaar om ook die saal se inwyding te kan bywoon.

Ook bid ons vir die Vader se seën op die werk en dat dit altyd in 'n goeie gesindheid voltooi sal word.

Sterkte

Oom Dries en Tannie Joey Viljoen.

N.H.S.V.

Die voorsitterskap van die NHSV was in die begin onder leiding van Mevrou Venter. Die ledetal was 15 in die begin en het sedertien net gegroei.

Die Voorsitters oor die afgelope 21 jaar was: Mevrou M Venter, Mev. van der Merwe, Mev. vd Westhuizen, Tannie Magriet Kock, Mev. T. Coetzee wat waargeneem het as die gemeente nie 'n predikant gehad het nie. Huidiglik is mev. S J van Rensburg aan die stuur van sake.

Die sekretaresses was: Tannie Marthina Willemse, Petro Beyer, Lida Jacobs en huidiglik Elize Prinsloo.

Die Vise Voorsitter was: Tannie Magriet Kock, Tokkie Maree en huidiglik tannie Joey Viljoen.

Vir al die ander bestuurslede wat nie verder genoem is nie, baie dankie vir die baanbrekerswerk wat gedoen is en waarmee nog voortgebou word.

Die grootste fondsinsameling wat net deur die susters gereël is, was die eensent blikkies wat een maal per jaar oopgemaak is, dan het elke suster van die gemeente ook R1.00 per maand by die diakens inbetaal vir die NHSV. Daar is ook menigmaal koeksisters gebak.

Dit is 'n voorreg om die volgende persone se name te kan noem wat vanaf die stigting van die NHSV tot nou toe aktief is. Baie geluk Tannie Magriet Kock, Tannie Joey Viljoen, Tannie Sina Visser, Tannie Annatjie Fourie, Lilly Pretsch en Freda Oosthuizen wat so getrou deur die jare was.

Die NHSV hou elke maand 'n vergadering in die konsistorie en het vroeër ook elke derde maand op Taaibos een gehou. Die vergaderings word goed bygewoon en ons hoop om nog meer mense te betrek.

Fondsinsamelings geskied die meeste van die tyd binne die gemeente. Vrywillige bydraes word maandeliks van die susters ontvang. Ons nagmaaletes is werklik 'n groot sukses. Daar word ook fondse bymekaar gemaak deur middel van koeksisters wat gebak word en verkope in die dorp. Deur die jaar word ook rommelverkopings gehou.

Christelike praatjies asook uitstappies word deur die susters gereël.

Dit is hoofsaaklik die susters wat belangstel en inskakel by die diensgroepe, veral ten opsigte van bejaardes, siekes en diakonie.

'n Hartlike dank aan al die susters van hierdie gemeente wat hulle met soveél bereidwilligheid beskikbaar stel vir ons heerlike taak in die kerk.

Ons wil ons Hemelse Vader ook loof en dank vir al die genadegawes wat ons as NHSV so ryklik uit Sy hand ontvang het oor die afgelope jare.

Namens die NHSV wil ons hierdie gemeente gelukwens met die 21-jarige bestaan en vertrou dat dit die wil van die Heer is dat hierdie gemeente nog baie geseënde jare sal beleef.

Elize Prinsloo

LIEWE HEKSIE

Begin ons maar by liewe Heksie nommer een
Manmoedig bring sy die sussies op die been
Almal was daar, almal gewillig, dit is waar
Iemand moes net kom om die rigting op te klaar
Dankie Mev. Venter

Kom daar toe die wag, so lank op Heksie nommer twee
Ywerig, vas het sy gestaan, hande gevat en gesê, kom met my mee
Kom Sussies, ons moet die manne steun in hul taak
Sonder ons is hul werk en moed weg, ons moet waak
Dankie Tieneke Coetzee

Kom daar toe die slimme Heksie nommer drie
Kyk sussies julle buig voor niemand 'n knie
Kom aan die gang en maak jul merk
Dis nie vir die manne, maar vir die kerk wat jul werk
Dankie mev. Sonja Schoeman

Dit was nie lank, toe het die sussies Heksie nommer vier
Inspireer sy almal, ons moet werk soos 'n mier
Saam met die sussies staan sy agter pan en pot
Harde werk, bereik ons doel, dit is die gebod
Dankie Mev. Santjie van Rensburg.

LIDMAAT

SUSTERS VAN 1992

EERSTE RY
Hettie Steinman; Lizzie Schlebush; Magriet Kock; Elize Prinsloo; Mev. Susan van Rensburg; Sina Visser; Joey Viljoen; Ansie Botha

TWEEDE RY
Marinda Bezuidenhout; Linda Louw; Annatjie Fourie; Marie Lingenfelder; Hannatjie de Lange; Cora Bezuidenhout; Marie de Bruyn; Emsie Prinsloo.

DERDE RY
Carina van Rensburg; Ina Sutherland; Rita Drotsky; Rosie Nienaber; Petro Nienaber; Eurica Smith; Tokkie Maree.

VIERDE RY
Bettie Botha; Erika Botha; Riekie van der Merwe; Hanna Ferreira; Lilly Pretsch; Marie Venter; Freda Oosthuizen.

AFWESIG
Santie Erskine; Lottie Geldenhuys; Lida Jacobs; Hettie Oberholzer; Elsa Pretorius; Barrie Smith; Henna Strydom; Diddi Strydom; Roelien v Jaarsveld; Rosie van Schalkwyk; Lettie v Staden; Petro v Straten; Marina Viljoen; Sannie v Dyk; Sannie Cockeran.

Gelukwensing

Die eerste baken van die gemeente Sasolburg-Suid is 21 jaar gelede (28 Julie 1971) geplant. God het sedertien 'n geskiedenis met dié gemeente geskryf. Sy genade het mense geïnspireer en die krag gegee om hulle hier in die Riemland vir die uitbreiding van Sy koninkryk te beywer.

Wanneer ons 'n dekade of twee in die geskiedenis terugkyk, onthou 'n mens dat 'n skoolsaal (langs die huidige kerkgebou) aanvanklik as kerkplek gebruik is. Spoedig egter het die gemeente planne vir die oprigting van 'n eie kerkgebou begin beraam. In die geloof is beplan en begroot, en met hoop gewerk en geoffer. Op 30 September 1978 is die hoeksteen gelê en op 25 Augustus 1979 het die gemeente die nuwe moderne, imposante en doelmatige kerkgebou in gebruik geneem. Die bereiking van dié ideaal was vir ons, saam met die gemeente, die hoogtepunt van ons verblyf alhier.

Vir 'n tydperk van drie en 'n half jaar het ons die gemeente se lief en leed gedeel:

- die vreugde by die verkondiging van die Woord, die bediening van die sakramente, die huweliksbevestigings, die kategese en die belydenis van geloof.

- die kommer by 'n siekbed, die hartseer langs 'n oop graf en waar die verlange na heengegane en dierbares so intens beleef is.

Maar in dié tye van blydskap, vreugde, leed en lyde was die seënende en vertroostende hand van die Here, sy guns, goedheid en liefde altyd daar.

Die volgende verdien egter besondere vermelding:

- die ouderlinge en diakens wat die gemeente as instrumente in die hand van die Here deur vermaning, vertroosting en die diens van barmhartigheid trou versorg het;

- die bydrae van die susters tot hulpverlening in die gemeente;

- die lidmate se gasvryheid, vriendelikheid en offervaardigheid.

Die geloof, hoop en liefde van die lidmate wat die afgelope 21 jaar aan die uitbreiding van God se koninkryk in hierdie gemeente meegewerk het, bly 'n besielende voorbeeld vir die lidmate van die hede en die toekoms. U verantwoordelikheid om die sout van die aarde en die lig vir die wêreld te wees, is groot. God sal aan u die krag gee om staande te bly in 'n tyd waarin Sy genade oorvloedig nodig is om te volhard. Aanvaar die uitdaging van die toekoms met vertroue in Hom en die wete dat Hy gister en vandag en tot in ewigheid dieselfde is.

Soos die Here God hierdie gemeente in die verlede gedra en bewaar het, so bid ons dat Hy dit ook in die toekoms sal doen: *"Aan Hom wat vir ewig Koning is, die onverganklike, onsienlike, enigste God, kom toe die eer en die heerlikheid tot in alle ewigheid"* (1 Timoteus 1:17).

Van harte geluk en seënwense vir die toekoms!

Ds. Chris, Sonja en Kristoff Schoeman.

GOD GEE ALTYD

Die gemeente Sasolburg-Suid is in die jaar 1992 reeds 21 jaar oud. Ek sê eintlik daarmee dat daar vir 21 jaar 'n besondere verhouding bestaan tussen God en hierdie gemeente. Maar dan 'n verhouding wat deur God moontlik gemaak is. Daarom was dit ook 'n verhouding wat so baie vir ons as gemeente beteken het. Ons is kinders van God.

Dit was ook nodig dat God baie gawes aan ons geskenk het. Om as gemeente te kan uithou en aanhou was ons geheel en al van God afhanklik. Enkele van die gawes wat ontvang is, is:

- **GOD SKENK AAN ONS KALMTE**

  Ons kan dalk baie kere vir onsself afgevra het: Wat sal van ons word, waarheen is ons oppad, wat van my siel? Ons het baie keer in ons gemeente behoefte gehad aan kalmte. Die Here sê vir ons dat ons kalmte in ons gemoed mag hê. As 'n mens Jesaja 41 lees dan sê die Here: "Moenie bang wees nie, Ek is by jou." Om altyd te kon weet dat God by ons was het baie keer groot kalmte gebring. Die versekering van God se teenwoordigheid in ons lewe, bring vrede.

- **GOD SKENK AAN ONS SEKURITEIT**

  As gemeente het ons ervaar dat God by ons is. As die kinders van die Here het ons al baie keer die waarheid ontdek dat God vir ons sorg. Daarmee saam is ons verseker van die ewige lewe. God skenk dit omdat Jesus aan die kruis al die onsekerhede uit ons lewe weggeneem het. God neem die bekommernisse weg. Ons weet verseker dat Jesus sy kinders se plek in die hemel gereed maak. Ons sou kon sê dat ons in Jesus verseker is oor wat die einddoel van ons lewe is.

- **GOD SKENK AAN ONS KRAG**

  In Jesaja 41 sê die Here: "Ek versterk jou." Ons ontdek baie gou dat as ons op ons eie kragte staat maak om vir die Here te werk, dan kom dit nie afgehandel nie. Die Here is

voortdurend besig om deur Sy Woord en die werking van die



Heilige Gees aan ons **geloofskrag** te skenk. So ook groeikrag, om ons hoe langer hoe meer aan Sy wil te onderwerp.

○ **GOD SKENK AAN ONS UITHOUVERMOë**

Die Here sê in Jesaja 41; "Ek help jou" Ons lewens word daaraan gekenmerk dat jy soms spartel soos iemand wat leer swem. In die aanslae van die lewe spartel ons ook en raak uitgeput. Maar die kind van die Here weet dat hy/sy biddend moet lewe. Só help God ons en doen God wat Hy aan ons belowe in Jesaja 41:13: "Ek is die Here jou God. Ek sê vir jou moenie bang wees nie. Ek help jou."

Watter groot troos moet dit nie net vir ons as gemeente wees nie. God help ons om in die geloof te volhard.

Ons sou nog oor baie gawes kon skryf, maar laat ons aan die Here vashou. Laat ons ons opnuut daarvan gewis dat hierdie gemeente aan Jesus Christus behoort. Dan kan ons opnuut hande vat, en tot eer van God in die gemeente en die wêreld lewe.

Ds. J.C.J. van Rensburg

N.H.J.V. Sasolburg-Suid

Bykans elke gemeentelid kan terugdink aan die Jeugvereniging as die gemeentelike groep wat 'n groot invloed op sy vorming as volwassene gemaak het.

Dis eie aan alle Hervormde jeugverenigings dat die lede om en by st. 6 inskakel, 'n gemiddeld van twee dekades lank aktief deel bly, en daarna vanselfsprekend peetouer-status aanneem.

Wanneer 'n mens die stof van ou notuleboeke afskud, onderneem jy 'n reis deur vergange se dae, en speel interessante gebeurtenisse voor die geestesoog af.

Statistiek is van belang. Daar is 'n gemiddeld van twee tot drie dosyn aktiewe lede deur die jare en daar is amper elke jaar in een of ander vorm gekamp. 'n Gemiddeld van twee tot drie byeenkomste per maand is gehandhaaf (buiten vakansies). Fondsinsamelingsreëlings is soos huiswerk of eksamen aangepak, en die uitslag soos 'n goeie rapport hanteer.

'n Paar van die gewilde items op die programme van vroeër was: Safari-etes, Putt-Putt, plate-aande, pannekoek en koeksisters bak, samesang, Bybelvasvrae en 'n horde speletjiesaande en sportmiddae.

Hierdie atmosfeer het behoue gebly, maar Safari-etes is later 'n hap-en-stap genoem. Sportdae word "sports"-dae met suikerkaskenades. Samesang word sangaand, plate-aand, 'n talentaand en pannekoek en koeksisters as fondsinsameling word geruil vir oopaande in die wandellaan waar worsbroodjies en sosaties verkoop is. Iewers langs die pad het ysskaats en stomstreke ingesluip en gekom om te bly.

U kan sien dis alles nog dieselfde resep en dit hou stand. Daar is ook ander statistiek wat stand hou; die verrassende hoeveelheid huwelikke en dreigende huwelikke wat hul beslag in die Jeugvereniging kry. Dit is miskien waarom die ouer garde altyd met so 'n tikkie heimwee en 'n glimlag die "jongklomp" so kan dophou.

Skakeling geskied gereeld met ander Jeugverenigings in die ring, vroeër veral met die moedergemeente en deesdae ook heelwat met Vaalpark. Die afgelope twee jaar is deurgedring na die finale rondte van die Ringsbybelvasvra en Goudrifstad, Suikerbosrand en Pretoria is ook al deel van die speelveld.

Nou ja, enkele aanhalings uit die notuleboeke kan dalk die karakter die beste beskryf: "Die wakkerbly-kompetisie sal by Siegfried gehou word. Vir die versoekprogram het Siegfried gesê dat hy 'n Hi-Fi sal kry en werk." Na aanleiding van hierdie aanhaling word ons opregte dank uitgespreek aan al die ouers wat deur die jare alles aktief ondersteun.

'n Paar jaar gelede tydens bespreking van 'n kamp: "Oom Chris sê dat hy beswaar het teen "denims". Netjiese broeke wat net nie uitrafel nie, moet Sondag gedra word."

Na aanleiding hiervan bedank ons al die jeugouderlinge wat ons op die regte pad gehou het, en 'n groot aandeel het aan die behoud van die organisasie.

Uit die laaste winterkwartaal (wat met 'n geslurp van sop afgesluit is): "Die wegbreek-kamp saam met die gemeente word bygewoon - (en amper oorgeneem) - deur 16 jeuglede."

Na aanleiding hiervan sê ons dankie aan dominees en al die gemeentelede wat nooit 'n steen onaangeroer laat om die Jeugvereniging te ondersteun en van hulp te wees nie, sodat dit ook 'n sieraand in die gemeente kan wees.

Namens die ganse jeugvereniging, baie geluk met die gemeente se mondigwording.

2 Augustus 1992

S. STEENEKAMP
JEUGDIAKEN EN VOORSITTER



Die Kerk Bly Staan

Die laaste twintigtal jare is gekenmerk deur ingrypende veranderings in ons lewe van elke dag. Op die sosio-politieke gebied het veranderings plaasgevind wat ons nooit voorsien het nie. In die ekonomie het daar met inflasie en alles wat daarmee saamgaan, dinge met geld en pryse gebeur wat voorheen onbekend was vir ons. Ook in ons werkplek, waar ons gaan ontspan en in ons huislike lewe het daar veranderings gekom. Een en twintig jaar terug was daar nie iets soos 'n televisie, 'n mikrogolfoond, 'n rekenaar of 'n videomasjien in ons huise nie.

Al hierdie veranderings oefen in meerder of minder mate invloed uit op ons lewensiening en ons ingesteldheid. Sommige dinge verwelkom ons en ander dinge maak ons benoud. Alvin Toffler het in sy boeke gepraat van "toekomsskok" en aangedui hoe vinnig veranderende omstandighede mense bang en selfs depressief kan maak. Ook in die kerk en in ons gemeente kan ons verandering negatief ervaar en 'n soort van angsneurose ontwikkel. Die kerk staan in ons gedagtes maar altyd in verband met dit wat vas en seker is en vir ons 'n vaste anker bied. Wanneer veranderde omstandighede dan ook noodwendig bepaalde verandering in die kerk teweegbring, maak dit ons onseker.

In die begin van die sewentigjare, toe die gemeente Sasolburg-Suid tot stand gekom het en dit my voorreg was om predikant van die gemeente te wees, was "industrialisasie" die groot probleem waarmee die kerk geworstel het. Oor die jare het die kerk in Suid-Afrika 'n tipiese plattelandse omgewing gehad waarin hy geleef en gewerk het. Met die ontstaan van die groot nywerhede en die stedelike opset wat daar rondom gevorm is, het die kerk voor totaal nuwe omstandighede te staan gekom. Dit was vir die kerk 'n toekomsskok om sy tradisionele patrone van eredienste, kategese en pastorale werk in te pas in 'n omgewing waar mense skofte werk, hulle ure ongereeld is en mense oornag kom en weer wegtrek. Daar is baie navorsing gedoen, op kommissies beplan en allerlei planne beraam om die kerk onder hierdie nuwe omstandighede sy voortgang te laat hê. Dit het soms gelyk asof die kerk net eenvoudig nie die mas kon opkom in hierdie omgewing nie.

En nou is een en twintig jaar al verby. Daar is nie op alle vrae antwoorde gekry nie en daar is nog steeds veranderings wat die gemeente voor nuwe uitdagings stel. Maar die feit is dat die werk van die kerk in hierdie gemeente bly voortgaan het. In hierdie gemeente het dit gegaan soos dit in die kerk oor al die eeue gegeaan het. Baie dinge het verander. Mense en selfs volkere het gekom en gegaan, maar Jesus Christus en sy evangelie het bly staan. Waaroor dit in die kern van die saak gaan bly steeds staan al verander die toneel nou hoeveel maal ookal. Miskien is dit goed dat daar voortdurend verandering plaasvind, want dit stel ons voor die uitdaging om telkens weer te onderskei tussen die toevallige veranderlikes en die onveranderlike waarheid van die verlossing van Jesus Christus wat gekom het om mense met God te versoen uit alle tale en volke en nasies. Mag hierdie gemeente die gawe besit om te midde van die hede met al sy vinnige veranderings steeds die dinge te onderskei waarop dit aankom en daaraan vas te hou waar ons die toekoms ingaan.

Prof. P.M. Venter
23 Junie 92.

WAAROM IS DIE SUID-AFRIKAANSE BOERE IN DIE MOEILIKHEID?

DIE WARE REDE IS DIE METRIEKESTELSEL!

'n Boer verduidelik soos volg: "Dit het alles begin toe die geldstelsel van ponde na rande verander het en my oortrokke rekening dus verdubbel het.

Ek was net besig om daaraan gewoond te raak, toe bring hulle kilogram in die plek van ponde en onse en my oes verminder met die helfte.

Toe verander hulle die reënval van duime na millimeter en sedert daardie tyd het ons nog nie weer 'n duim reën gehad nie. Wat doen hulle toe? Hulle bring 'n ding genaamd Celsius in en die temperatuur daal met twintig grade. Geen wonder my mielies wil nie groei nie.

Asof dit nie genoeg was nie, verander hulle my grond van morge na hektaar en my plaas verminder met die helfte van wat ek oorspronklik gehad het.

Dit is toe wat ek besluit om my plaas te verkoop. Ek het pas my plaas in die mark gesit, toe verander hulle myle in kilometers en nou is my plaas so ver uit die dorp dat niemand daarin belangstel nie.

- En hulle noem dit vooruitgang!

Ingestuur deur B Schlebusch
Geneem uit die nuusbrief van Hoërskool Oosterlig.

JEUGWERK

Wat 'n wonderlike voorreg is dit vir ons as jong mense van die Ned. Herv. Kerk om die drukwerk van die "21 Jarige" Fees Uitgawe van die Suiderster te kan borg. Dit is moontlik vir ons deur al die fonds insamelings projekte in die verlede. Dit is vir ons 'n groot voorreg om sodoende te kan sorg dat elke gesin in die gemeente so 'n uitgawe kan ontvang. Ons hoop elkeen geniet dit!

En hiermee wil ons ook elke jongmens in ons gemeente uitnooi om te kom deelneem in alles wat ons aanvang.

N.H.J.V.